Sondag

16 Januarie 2022 10:30

In isolasie tydens nasionale staat van inperking

kruiskerk.co.za

info@kruiskerk.co.za

wynandgnel@outlook.com

*Steek êrens in jou woonplek 'n kers aan terwyl jy lees.*

**Tema:** **En. En toe? En wat?**

**Skriflesing: Johannes 2:1-12**

## Broodjies vir die pad

"Aliveness, he will teach, is a gift available to all by God's grace. It flows not from taking, but giving, not from fear but from faith, not from conflict but from reconciliation, not from domination but from service. It isn't found in the upper trappings of religion -rules and rituals, controversies and scruples, temples and traditions. No, it springs up from our innermost being like a fountain of living water. It intoxicates us lie the best wine ever and so turns life from disappointment into a banquet."
— Brian D. McLaren

Holy Lord God,

Thine is this fair world in all its splendor, but ours is the freedom to destroy thy world. Thine is the beginning and the end of all our lives, but ours are our lives themselves, to hoard in misery or to give away in joy. Thine is the kingdom and the power and the glory, but ours is the ear that is deaf, the tongue that is mute, the eye that is blind. Thine is the Christ, but ours is the cross he died upon.

Have mercy upon us. Have mercy upon all to whom we ourselves show little mercy— the unloving and the unbeautiful, the bitter and the lonely, the very slow, the very old.

Have mercy upon those who love and who in their love are beautiful, for they too are often forgotten by us, their joy itself a barrier between their lives and ours.

O Lord, in sorrow and in joy open thou our lives to one another that we may live. Open thou our lives to thee that even in dying we may never die.

*Amen.*

(Frederick Buechner)

What man needs is not just the persistent posing of ultimate questions, but the sense of what is feasible, what is possible, what is correct, here and now. The philosopher, of all people, must, I think, be aware of the tension between what he claims to achieve and the reality in which he finds himself.
Hans-Georg Gadamer

"When you are trying to change the questions, you have to realize that many people are quite resistant to such a change. They like the answers they have."
— Stanley Hauerwas, Hannah's Child: A Theologian's Memoir

"People say that what we're all seeking is a meaning for life. I don't think that's what we're really seeking. I think that what we're seeking is an experience of being alive, so that our life experiences on the purely physical plane will have resonances with our own innermost being and reality, so that we actually feel the rapture of being alive."
— Joseph Campbell, The Power of Myth

"Like the sacramental use of water and bread and wine, friendship takes what's common in human experience and turns it into something holy."
— Eugene Peterson

"Everyone thinks of changing the world, but no one thinks of changing himself."
— Leo Tolstoy

The eternal destiny of human beings will be measured by how much or how little solidarity we have displayed with the hungry, the thirsty, the naked, and the oppressed. In the end we will be judged in terms of love.
Leonardo Boff

"The meeting of two personalities is like the contact of two chemical substances: if there is any reaction, both are transformed."
— Carl Gustav Jung

I would in fact tend to have more confidence in the outcome of a democratic decision if there was a minority that voted against it, than if it was unanimous... Social psychology has amply shown the strength of this bandwagon effect.
Jurgen Habermas

"To understand a person, one needs to know the primordial wishes he or she longs to fulfill. Whether or not people's lives make sense to them depends on whether or how far they are able to realise these wishes. But they are not embedded in advance of all experience. They evolve from early childhood in life with other people, and are fixed gradually, over the years, in the form that will determine the course of life; sometimes, however, this will happen suddenly, in conjunction with an especially momentous experience."
— Norbert Elias, Mozart: Portrait of a Genius

Sometimes we must undergo hardships, breakups, and narcissistic wounds, which shatter the flattering image that we had of ourselves, in order to discover two truths: that we are not who we thought we were; and that the loss of a cherished pleasure is not necessarily the loss of true happiness and well-being.
Jean Leloup

“The measure of intelligence is the ability to change.”
— Albert Einstein

“...for our times are not satisfied with faith and not even with the miracle of changing water into wine - they 'go right on,' changing wine into water.”
— Søren Kierkegaard, Fear and Trembling

## Brood vir die pad

### ’n Gereflekteerde lewe

*Anton van Niekerk*

Anton van Niekerk bring hulde aan Hennie Rossouw, ‘een van die skerpste, oorspronklikste en invloedrykste intellektuele wat die land en die Universiteit Stellenbosch (US) opgelewer het’.Prof. Hendrik Willem (Hennie) Rossouw is op 9 Januarie in die ouderdom van 88 jaar weens ’n gevorderde stadium van Parkinson se siekte oorlede.

Rossouw is gebore op 7 Desember 1933 te De Rust, naby Oudtshoorn, en matrikuleer in 1953 aan die Paul Roos Gimnasium in Stellenbosch. Hy behaal ses onderskeidings in matriek en verwerf die eerste plek op die Kaapse merietelys. Hy skryf in 1951 in vir die graad B.A. (Admissie) aan die Universiteit Stellenbosch (US) en behaal in 1953 dié graad (met hoofvakke Grieks, Latyn en filosofie), asook ’n meestergraad in filosofie (1955), die Kandidaatsdiploma van die Teologiese Seminarie te Stellenbosch (1956) en B.D. (1957), almal cum laude.

In 1958 vertrek hy na Nederland waar hy sy teologiese studie aan die Vrije Universiteit van Amsterdam voortsit. Hier behaal hy ’n doktorsgraad in teologie in 1963 summa cum laude.

Sy gepubliseerde proefskrif, onder die promotorskap van die gevierde Gereformeerde teoloog en Nederlandse kerkleier G.C. Berkouwer, het as titel Klaarheid en interpretasie. Dit handel oor die vraag na die helderheid of toeganklikheid van die Bybel in die tradisie tot en met die Reformasie.

Daar kan sonder vrees vir teëspraak beweer word dat dié proefskrif in ’n belangrike opsig beslag gegee het aan die belangstelling in en bearbeiding van die hermeneutiese probleem in die tradisie van filosofiese en teologiese besinning in Suid-Afrika – ’n tradisie wat steeds van krag tot krag gaan. (Hermeneutiek is die teorie van interpretasie, oftewel die teorie oor die betekenis van betekenis.)

**Akademiese loopbaan**

Rossouw is met sy terugkeer uit Nederland in 1963 aangestel as senior lektor in filosofie aan die US. Hy word in 1972 bevorder tot professor. Vanaf 1985 tot 1993 dien hy as eerste viserektor (akademies) van die US. Benewens sy veelvuldige pligte as lid en voorsitter van ’n verskeidenheid komitees, blyk sy breë betrokkenheid by die universitêre en navorsingsgemeenskap in Suid-Afrika uit sy lidmaatskap, oor baie jare, van onder meer die volgende liggame: die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing (RGN) waar hy ook voorsitter van die raad se beleidskomitee was, die Raad van die Suid-Afrikaanse Biblioteek (sedert 1983), die Suid-Afrikaanse Raad vir Onderwys (1985-88), die hoofkomitee vir navorsingsontwikkeling van die RGN, die hoofkomitee van die KUH-ondersoek na makro-aspekte van die universiteitswese. As professor in filosofie het hy opgetree as promotor van 14 doktorale studente en as studieleier vir 24 M.A.-studente. Heelwat van sy studente het later akademiese betrekkings aan Suid-Afrikaanse universiteite beklee.

Rossouw is die skrywer van drie boeke en meer as 50 vakwetenskaplike artikels en hoofstukke in boeke. Sy bydrae tot die ontginning, organisasie en volgehoue uitbouing van vertakkings van die geesteswetenskappe, met name die filosofie en die teologie, in Suid-Afrika kan op drie vlakke aangedui word.

Die eerste is in sy bydrae as uitnemende dosent in die filosofie. Rossouw is die versinnebeelding van die begrip wat hy in later jare so graag gebruik het as ideaaltipies van die universiteit as instelling: uitmuntendheid.

Vir sy studente was hy altyd ’n bron van onuitputlike inspirasie vanweë die diepgang van sy kennis en insig, die skerpsinnigheid van sy kritiek en die balans van sy oordeel.

Die tweede aspek van sy bydrae is die buitengewoon belangrike publikasies wat hy die lig laat sien het en wat ’n nuwe wending aan die soort invloed van die kontinentale filosofie op geesteswetenskaplike navorsing in Suid-Afrika gehad, meegebring het.

**Twee sentrale temas**

Die verreikende invloed wat Rossouw op die geesteswetenskappe in die land gehad het, spruit veral voort uit twee sentrale temas in sy navorsingswerk.

Die eerste – wysgerige hermeneutiek – is reeds na verwys. Rossouw se proefskrif word in later jare opgevolg deur twee ander belangrike boeke, naamlik Wetenskap, interpretasie, wysheid (1980) en Die sin van die lewe (1981). Vir laasgenoemde ontvang hy die Andrew Murray-prys vir oorspronklike teologiese navorsing.

In die tweede opstel van Wetenskap, interpretasie, wysheid ontgin hy die oorspronge van die verstaansproblematiek as ’n eiesoortige wysgerige problematiek en toon hy aan hoedat hierdie problematiek ’n verdieping en verruiming ondergaan het in die denke van Schleiermacher, Dilthey en Heidegger.

Die hermeneutiese vraag blyk veel meer te wees as die vraag oor moontlikhede vir suksesvolle intermenslike kommunikasie.

Dit blyk ook die sleutel te wees tot die verstaan van die eiesoortige kenwyse van die geesteswetenskappe en uiteindelik tot die verstaan van die eiesoortige sienswyse van die menslike bestaan.

In die laaste opstel in die boek, sowel as in Die sin van die lewe, werk Rossouw op ’n oorspronklike wyse die implikasies van hierdie insigte vir ’n selfstandige interpretasie van die aard van die filosofie, en die sin van die lewe uit. Sy werk kan aangemerk staan as ’n beslissende baken in die proses waarin teologie in Suid-Afrika sy selfverstaan tot ’n basies hermeneutiese bedrywigheid gewysig het.

Die tweede tema wat voorop staan in Rossouw se navorsingswerk, is die filosofie en metodologie van die geesteswetenskappe.

Sy belangrike opstel in Wetenskap, interpretasie, wysheid oor die verskuiwinge wat ingetree het in die kontemporêre filosofiese wetenskapsbeeld, lewer ’n beduidende bydrae tot die

prominensie wat denkers soos Karl Popper en Thomas Kuhn in wetenskapsmetodologiese besinning verwerf het.

**Die idee van ’n universiteit**

Vanuit sy belangstelling in die wetenskapsfilosofie, groei dan sy bydraes tot die terrein van besinning waarop Rossouw bes moontlik sy belangrikste en blywendste invloed in die Suid-Afrikaanse geesteswetenskaplike gemeenskap uitgeoefen het. Dis naamlik die aard en funksie van die moderne universiteit. Sy volgende insigte is veral vermeldenswaardig:

- Die besef dat die moderne universiteit voor die uitdaging staan om die twee oorheersende kenniskulture van die Westerse beskawing (dié kulture wat die doel van kennisverwerwing onderskeidelik as deug en mag beskou) te versoen;
- Die insig in die verskillende spanningsvelde waarin moderne universiteite hul identiteit moet bevestig (die spanningsvelde van identiteit en relevansie, universaliteit en partikulariteit, elitisme en egalitarisme, outonomie en beperking, gemeenskap en korporasie), en;
- Sy aandrang daarop – dikwels teen die stroom in – dat die eis om relevansie wat toenemend aan moderne universiteite gestel word, nie heeltemal misplaas is nie, op voorwaarde dat die inhoud van die begrip “relevansie” nie volledig bepaal word deur ’n tegnokratiese mentaliteit nie.

Suid-Afrikaanse universiteite bevind hulle gereeld in krisistye waarin radikale aanpassings gemaak moet word in die lig van die ernstige hulpbronkrisis in ons samelewing. Dis van deurslaggewende belang dat, juis in so ’n tyd, daar op die konseptuele vlak helderheid moet wees oor die selfverstaan van universiteite.

Dit kan sonder vrees vir teëspraak beweer word dat niemand oor die afgelope dekades ’n belangriker of meer blywende invloed uitgeoefen het op die helder konseptualisering van ’n verantwoorde universiteitsbegrip in die land as juis Rossouw nie. Dié bydrae is daarby nie beperk tot sy publikasies nie. In die verskeidenheid akademiese en navorsingsliggame waarin hy gedien het, was almal wat met hom saamgewerk het, bewus van die bydraes wat hy gelewer het in die stryd om die soms dobberende skip van universitêre bedrywighede in Suid-Afrika vlot te hou.

**Nederig en inspirerend**

Rossouw was ’n buitengewoon beskeie mens wat altyd verkies het om op die agtergrond te bly. Hy het sy werk dikwels buite die openbare oog gedoen het. Daar kan egter geen twyfel wees oor die blywendheid van sy bydrae en die beslissende wending wat dit veroorsaak het in die selfverstaan en koers van die geesteswetenskappe en universiteite in die land nie.

Vir sy studente en kollegas was en is hy nie alleen ’n bron van insig en inspirasie nie; hy was ’n ware vriend en die verpersoonliking van die waarde en deug van die intellektuele lewe, dit is die lewe van ’n mens wat ontdek het – en verstaan wat dit beteken – dat die ongereflekteerde lewe nie die moeite werd is om te lewe nie.

Rossouw se eggenote, Leonora, het hom in 2020 ontval. Hy word oorleef deur sewe kinders en 17 kleinkinders.

** Van Niekerk is ’n professor in filosofie aan die US. Hy het sowel sy MA as PhD-grade verwerf met Rossouw as promotor.*

https://www.netwerk24.com/netwerk24/stemme/menings/n-gereflekteerde-lewe-20220112

wynandgnel@outlook.com 082 901 5877